## REDAKSIONEEL
## IN MEMORIAM: PROFESSOR WILLEM VORSTER

Prof W S Vorster, in lewe hoof van die Instituut vir Teologiese Navorsing aan die Universiteit van Suid-Afrika, het onverwags op 10 Januarie 1993 gesterf. In die onderhawige aflewering van die *Hervormde Teologiese Studies* word 'n artikel van hom opgeneem wat hy voor sy dood vir publikasie in *HTS* voorberei het. Prof Vorster se betrokkenheid by en aktiewe medewerking aan die *Hervormde Teologiese Studies* het oor baie jare gestrek. Hulde word hiermee gebring aan 'n geleerde vriend. Hy was 'n voorbeeld van iemand wat, terwyl hy soekend was om die wêreld van Ou en Nuwe Testament en ander antieke tekste of die boodskap van Jesus die Galileër te verstaan, ook bewus was van God se bemoeienis met hom, die gemeenskap se soeke na God en God se heerskappy in kerk en wêreld. Hy het klem daarop gelê dat mense self verantwoordelikheid vir hulle beslissings moet neem. Hierby het hy gesê dat dat daar niks meer beslissend met die mens kan gebeur as om met Jesus van Nasaret gekonfronteer te wees nie. Hy het kritiese teologie beoefen. Hy wou aan die kaak stel hoe mense of gemeenskappe die Bybel inspan om eie belange te bevorder. Hy wou die Bybel teen misbruik beskerm. Hy was vir sy kerk en die breë geloofsgemeenskap soos 'n gewete. Van onreg het hy nie gehou nie. Hy was vrydenkend en vryblywend en lojaal. Hy was dikwels sy tyd vooruit en het daarom omstrede geword. Maar hy wou ook hê dat sy studente en kollegas nie altyd soos hy moet dink nie. Tog het baie hom agterna geloop omdat hy 'n visie gehad het. In sy arbeid het tradisionele wetenskaplike dissiplines vervloei. Sy teologiese arbeid was interdissiplinêr en multidissiplinêr van aard. Hy het hard gewerk en min gerus en baie geproduseer. Hy wou ook hê dat die werk sonder hom moes aangaan. Sy bydrae verdien erkenning en sy plek onder ons is leeg en sal weer gevul moet word. Maar Willem Vorster sal nie vervang kan word nie. In hierdie aflewering van die *Hervormde Teologiese Studies* verskyn daar van die skrywer van hierdie huldigingswoord 'n artikel oor die bydrae van Willem Vorster op die gebied van die historiese Jesus-navorsing. Hy was een van my *Doctorvatem*. Sy eie doktorale studieleier, prof A B du Toit, lewer ook 'n bydrae. Sy vriend, Wentzel van Huyssteen, James I McCord Professor of Theology and Science, se professorale intreerede by die Princeton Theological Seminary word ook in hierdie aflewering van die *Hervormde Teologiese Studies* opgeneem.

Willem Stefanus Vorster is op 1 Desember 1941 in Roodepoort, Suid-Afrika gebore. Hy matrikuleer in 1959 en registreer as BA-student aan die Universiteit van Pretoria in 1960 en word 'n inwoner van Voortrekker manskoshuis waar die meeste teologiese studente van die Nederduitsch Hervormde Kerk gewoon het. Willem Vorster behaal die volgende grade aan die Universiteit van Pretoria: 1963: Baccalaureus Artium (met Grieks en Hebreeus as hoofvakke) - cum laude; 1966: Baccalaureus Divinitatis - cum laude; 1966: Baccalaureus Honores (Grieks en Semitiese Tale) - cum laude; 1968: Magister Artium (Grieks) - cum laude; 1974: Doctor Divinitatis (Nuwe-Testamentiese Wetenskap).

Willem Vorster was tot en met sy dood proponent in die Ned Geref Kerk en het verskeie kere in sy lewe op die kansels van gemeentes in die Nederduitsch Her-

vormde Kerk opgetree. Hy promoveer met 'n doktorale proefskrif getiteld '*Aischunomai* en stamverwante woorde in die Nuwe Testament' met prof A B du Toit as promotor en prof J P Louw (Universiteit van Pretoria) en prof J M de Jonge (Universiteit van Leiden) as eksaminatore.

Benewens Grieks en Hebreeus het Willem Vorster Siries, Aramees en Kopties beheer. In 1965 is hy as tydelik-deeltydse dosent in die Department Grieks aan die Universiteit van Pretoria aangestel en vanaf 1966 tot 1970 was hy voltydse lektor in dieselfde Departement. Hy besoek Europa en doen vanaf November 1969 tot Januarie 1971 navorsing onder prof A F J Klijn aan die Universiteit van Groningen. 'n Gedeelte van die navorsing word in hierdie tydperk aan die Universiteit van Manchester (Engeland) verrig. Met sy terugkeer in Suid-Afrika word hy as senior lektor aangestel in die Departement Ou Testament en Nuwe Testament aan die Universiteit van Suid-Afrika. In 1975 word hy aangestel as waarnemende direkteur van die nuut gestigte Instituut vir Teologiese Navorsing aan die Universiteit van Suid-Afrika. In 1976 word hy bevorder tot volle professor en aangestel as die hoof van die Instituut.

Prof Vorster besoek verskeie Europese lande asook die VSA in die periode tussen 1973 en 1992 waar hy onder andere navorsing oor die struktuur van Markus en die evangeliegenre doen en tydens verskillende internasionale geleenthede kongresse oor die Nuwe-Testamentiese wetenskap bywoon en voordragte lewer.

Prof Vorster was 'n volle lid van die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika, die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika, die Patristiese en Bisantiese Vereniging van Suid-Afrika, die Society of Biblical Literature en die Studiorum Novi Testamenti Societas. Hy was tien jaar lank die mede-sekretaris en vyf jaar lank die algemene sekretaris van die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika. Onder sy leiding word kongresse in Suid-Afrika georganiseer oor die opstandingsvertellinge in die Nuwe Testament en die historiese Jesus. In 1987 word hy aangestel as lid van die dissipline-georïenteerde komitee vir teologie, godsdiensstudies, filosofie en klassieke en Nabye-Oosterse studies van die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling. Sedert 1988 het hy gedien as voorsitter van hierdie komitee. Hy en die skrywer van hierdie huldigingswoord het onder beskerming van die Sentrum vir Navorsingsmetodologie van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing twee internasionale teologiese konferensies oor onderskeidelik paradigmas en progressie in die teologie en die relevansie van die teologie in die 1990's in 1988 in Pretoria en in 1990 in Stellenbosch georganiseer.

Die Universiteit van Suid-Afrika het in 1989 prof Vorster vereer vir sy hoogstaande akademiese prestasies. Met sy afsterwe op 10 Januarie 1993 laat hy sy vrou Corrie en twee seuns Wim en Eduard agter. Die redaksie van die *Hervormde Teologiese Studies* bring hiermee hulde aan 'n geleerde met 'n besondere persoonlikheid en warm hart.

Prof Andries van Aarde